Graad 11

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre is opgewonde om die 8 eenhede van die Graad 11 KABV (CAPS) aan te bied soos volg:

Idees van Ras in die laat 19de en 20ste eeu *– Wat was die gevolge toe die pseudo-wetenskaplike idees van Ras 'n integrale deel van regeringsbeleid en wetgewing gevorm het in die 19de en 20ste eeu?*

Gevalle studie: ***Australië*** *en die Australiese Inboorlinge;* ***Nazi-Duitsland*** *en die* ***Holocaust.***

Eenheid 6
Gevalle studie: Nazi-Duitsland Deel 2
In hierdie eenheid sal jy oor die volgende leer:

- Nazi-Duitsland se geforseerde sterilisasie beleid
- Nazi-Duitsland se "genadedood" programme

JULIE 1933:

Die heel eerste wet wat Hitler goedgekeur het toe hy in bewind kom was die Wet op die Voorkoming van 'n oorerflike siek nageslag

Tussen 1933-1939:

- **400 000 mense was gesteriliseer volgens daardie beleid**
- **800 kinders van Afrika afkoms was ook gesteriliseer**

Geforseerde sterilisasie was 'n algemene kenmerk van die Eugentici beleid in die vroeë 20ste eeu. Maar in Nazi-Duitsland was hierdie program toegepas op 'n baie groter skaal as op enige ander plek.

Tussen 1933, toe die wet goedgekeur was en dit was die eerste wet wat Hitler goedgekeur het toe hy in bewind kom, en 1939 toe die oorlog begin, was **400 000 Duitse burgers gesteriliseer.**

Meeste van hierdie mense was geklassifiseer as "Oorerflike Siek Nageslag", wat beteken dat hulle of ongeskik verklaar was of dat daar gestremdheid (wat wissel van blindheid, epilepsie tot fisiese probleme) in die familie.

Hierdie mense is afkomstig van 'suiwer' Duitse families. **800 Kinders van Afrika afkoms was ook gesteriliseer.**

Daar was konstante propaganda oor hoe belangrik geforseerde sterilisasie was. Duitse mense is vertel hoe ‘n gestremde persoon ‘n las is.

Kyk na die prent op die linkerkant, jy sal sien dat die person op die regterkant n bietjie soos ‘n apie lyk. Hy verteenwoordig mense met verstandelike gestremdheid.

Die person links wat die hoed op het, se gesig is masker-agtig wat die werkloses of ‘asosiaal’ mense verteenwoordig.

Die ‘suiwer Ariër” man hou altwee hierdie wesens op; wat ‘n las is vir hom. Hy word uitgebeeld as “vermorsing” van sy geld, geld wat beter op sy eie familie gespandeer kan word. Die teks verklaar: “Dit is ook julle las”.

- **In 1939 bepleit die Nazi’s die verwydering van daardie wie nie die Duitse ras bevorder en geen nut in die samelewing het nie – daardie wie Hitler “nuttelose eters” of “lewens onwaardig van lewe” noem**

- **Dit beteken om die verstandelike gestremdes, terminaal siekes, fisiese-en geestelike gestremdes dood te maak.**

- **Dit was eenvoudig “genadedood’ genome**

- **Genadedood beteken om ‘genadiglik dood te gaan’ iets wat jy sal doen wanneer jy ‘n dier uit sy pyn en lyding wil sit**

- **Wat die Nazi’s gedoen het, was om lede van die Duitse bevolking te vermoor**

In 1939 versnel die Nazi’s hulle program teenoor die gestremdes. Hulle was nie meer tervrede met sterilisasie nie, hulle wil nou dáárdie verwyder wie hulle as “nutteloos” sien in die samelewing.

Hitler se term “nuttelose eters” of “lewens onwaardig van lewe”. So besluit die Nazi’s dat hulle die verstandelik gestremdes, terminaal siekes, fisiese-en geestelike gestremdes dood maak.

Dit is nie ‘n program wat die meeste van die bevolking sal mee saamstem nie, so die Nazi regering gaan dit nie moord noem nie. Hulle sal ‘n eufemisme gebruik, wat ‘n mooi manier is om iets te sê wat nie so mooi is nie (bv. Wanneer iemand sterf sal jy dan sê dat die persoon afgesterwe het of heengegaan het).

Die Nazi’s het dit nie moord genoem nie; maar hulle noem dit genadedood.

Genadedood = ‘genade moord’

Wat beteken die term genadedood? Genadedood beteken “genade moord” bv. help ‘n terminaal siek persoon om te sterf onder mediese toesig van waar toestemming gegee is.



ADOLF HITLER

BERLIN, den 1. Sept. 1939.

Reichsleiter B o u h l e r und
Dr. med. B r a n d t

sind unter Verantwortung beauftragt, die Befug-
nisse namentlich zu bestimmender Ärzte so zu er-
weitern, dass nach menschlichem Ermessen unheilbar
Kranken bei kritischster Beurteilung ihres Krank-
heitszustandes der Gnadentod gewährt werden kann.

Die Genadedood program begin in 1939. Links is ‘n prent van ‘n dokument, ‘n rare een wat self deur Hitler onderteken is. Die datum op die dokument is 1 September 1939, wat die datum is waar Duitsland Poland binnegval het en WWII uitbreek.

Die Nazi’s het geweet dat hierdie beleid onaanvaarbaar deur meeste Duitsers sou wees, dus het hulle die oorlog gebruik om dit toe te smeer.

Mense was bekommerd oor hoe hulle sou kos kry, hoe die lewe sou wees en of hulle families die oorlog sou oorleef. Mense was nie bekommerd oor gestremde familie wat in hierdie instellings bly nie.

Hulle het hierdie instellings vertrou; hulle het geglo dat hulle families veilig sou wees.

Maar dit was die dokters en verpleegsters by hierdie instellings wat hierdie mense vermoor het oor die paar jare. Die dokters en verpleegsters wat veronderstel was om te help en te genees, beskerm en om na kwesbares om te sien, maar het hulle pasiënte vermoor.

Waar het hierdie moorde plaasgevind?

Waar het hierdie moorde plaasgevind? Hulle het in hospitale binne en buite Duitsland plaasgevind. Kom ons fokus op een spesifieke hospitaal, genaamd Hadamar. Voor die Nazi’s in bevind kom, was Hadamar die mees vooraanstaande hospitale wat na gestremde pasiënte omgesien het. Dit het wonderlike programme vir gestremde pasiënte aangebied dat student, professors en navorsers van oral in die wêreld daar kom leer het om beter te sorg vir die gestremdes. Maar in 1933 het dit ‘n doods-instelling geword.

Hoe het die moorde plaasgevind?

Hoe het die moorde plaasgevind? Kinders en kleuters was ‘n dodelike inspuiting gegee. Babas en pasgebore babas was gelos om te sterf van hongerte. Ouer kinders en volwassenes was vergas.

Oorspronklik, was die agterkant van trokke gebruik om pasiente in te sit, sodat die gas van die enjin wat monoksied bevat hulle vergas. Maar hierdie was nie voldoende nie, dus het hulle toe gaskamers gebou by hospitale.

Jy het van die term “gaskamers” voorheen gehoor. ‘n Kamer beteken ‘n groot vertrek. So die verpleegsters en dokters sit die pasiënte in daardie kamers en laat giftige gas inkom, totdat almal binne versmoor. Hulle het dan die liggame in die hospitaal se krematorium verbrand.

- **Die volgende stap vir Duitsland was om ontslae te raak van ”ongewenste burgers”**

- **Alhoewel Jode net 0.8% van Duitsland se bevolking was het die Nazi’s propaganda gebruik om die meerderheid te oortuig dat hulle ‘n bedreiging toon en verwyder moes word**

- **Soos die Nazi’s deur Europa beweeg het hulle Jode in elke land afgerond en vermoor**

- **By 1945, ‘n volksmoord, vandag bekend as die Holocaust of die Shoah, vermoor 6 miljoen Jode**

Wanneer jy eers begin om burgerlikes te vermoor, raak dit ‘n gladde helling waar jy besluit wie mag en wie nie mag leef nie.

So van die begin af het die Nazi’s al die “ongewenstes” uitgewys. Hulle het duidelik die Joodse volk geteiken want hulle het altyd na hierdie groep verwys as die swart skaap.

Hier, onthou dat die Jode 0.8% van die Duitse bevolking was. Hulle was nie ‘n weermag nie, hulle was die minderheid van gewone mense. En tog het die Nazi’s gesê dat Joodse bloed die samelewing sal besmet, en moet dus vermoor word.

Soos hulle deur Europe beweeg, rond hulle Jode op in elke land en vermoor hulle. Aan die einde van WWII, is 6 miljoen Jode dood, waarvan 1.5 miljoen kinders was. Hierdie volksmoord is vandag bekend as die Holocaust.

Holocaust beteken volledige verbranding. Jode gebruik ook die term “Shoah” (katastrofe) wat verwys na dieselfde volksmoord.

- **Roma en Sinti "Gypsies" was ook in doodskampe vemoor**
- **By 1945, n volksmoord, bekend vandag as Porajmos, vermoor 500 000 Roma en Sinti mense**
- **Ontelbare onskuldige mense sterf tydens WWII (1939-1945)**

Roma en Sinti mense was ook na doodskampe gestuur en vermoor. Aan die einde van die oorlog, 'n volksmoord bekend as Porajmos wat beteken verwoesting, was verantwoordelik vir die moord van tussen 250 000 – 500 000 Roma en Sinti mense.

Roma en Sinti en Jode was nie die enigste mense wat vermoor was deur die Nazi Oorlogmasjien nie. Oor die tydperk van WWII was ontelbare onskuldige lewens verwoes en miljoene mense het gesterf.

VRAE

1. Wat was die naam van die wet wat die Nazi's die reg gegee het om geforseerde sterilisasie op burgerlikes te doen?

2. Hoekom het die Nazi's die euphemisme term "genadedood" vir hulle eerste massa moord programme gebruik? Gee redes vir jou antwoord.

3. Hoekom het die "genadedood" program in 1939 begin? Gee redes en antwoord in jou eie woorde.

4. Watter bevolkingsgroep was geteiken deur die Nazi's se "genadedood" program?

5. Verpleegsters en dokters was oorverteenwoordig in die Nazi Party, en hulle was verantwoordelik vir die 'genadedood' moorde in hospitale. Reflekteer kritiese redes hiervoor, bring in jou eie kennis en inligting van vorige Eenhede.

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre: http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube: https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Deadly Medicine: Creating the Master Race: https://www.ushmm.org/information/exhibitions/online-exhibitions/deadly-medicine-creating-the-master-race

Euthanasia Programme: https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/euthanasia-program?series=19222

Unworthy to Live: https://www.facinghistory.org/holocaust-and-human-behavior/chapter-8/unworthy-live

CARING CORRUPTED - The Killing Nurses of The Third Reich: https://youtu.be/Rz8ge4aw8Ws